10/6/2009
Not reportable

**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID AFRIKA**

**(NOORD GAUTENG HOOGGEREGSHOF)**

Saak nommer: 28578/2008
Datum: 9 Junie 2009

HAAL DEUR WAT NIE VAN TOEPASSING IS NIE
(1) RAPPORTEERBAAR: JA/NEE.
(2) VAN BELANG VIR ANDER REGTERS: JA/NEE.
(3) HERSIEN. ✓
9/10/2009
DATUM HANDTEKENING

In die saak tussen

**LOUIS CALITZ N.O.** Applikant / Eiser

en

**JOHANNES VAN HEERDEN MARITZ** Respondent / Verweerder

---

**UITSPRAAK**

---

*PRETORIUS R,*

Gedurende Oktober 2002 het die Herman Bruwer Trust dagvaardiging teen die verweerder/respondent uitgereik

Ter aanvang het mnr Els, namens die eiser/applikant twee verklarings van die trustees opgehandig, waarin beide bevestig dat hulle die enigste trustees van

die trust is. Mnr Guldenpfennig het ten sterkste beswaar gemaak en argumenteer dat dit by die aansoek aangeheg moes gewees het. Die hof het dit egter toegelaat, aangesien dit reeds onder eed deur die deponent, die opdraggewende prokureur van die eiser/applikant beweer is. Die verduideliking was ook dat die eiser/applikant nie tydig 'n aanstellingsbrief van die Meester kon bekom om dit te bevestig nie.

Op 29 Januarie 2003 liasseer die verweerderrespondent sy pleit en pleit dat die medetrustee, Gert Willem Calitz, nie as trustee gevoeg is in die aksie nie.

Die aanvanklike verhoordatum was 17 Maart 2005, maar is daar by ooreenkoms uitgestel en het die trust die verweerder/respondent se koste getender en betaal.

Op 5 Mei 2005 het die trust kennisgewing van voorneme om te wysig in terme van reël 28 liasseer. Gert Willem Calitz word in die voorgenome wysiging as medetrustee van die trust as tweede eiser, *nomine officio* gesiteer. Die gewysigde besonderhede van vordering moes op of voor 2 Junie 2005 afgelewer word – dit word eers op 21 Julie 2005 gedoen, nadat die verweerder/respondent geen beswaar teen die voorgenome wysiging geopper het nie.

Op 17 April 2007 is die saak weer vir verhoor op die rol en *sine die* uitgestel en is die bedrag van R10 000.00 deur die eiser/applikant getender aan die verweerder/respondent vir verspilde koste.

De saak is weer voor die hof op 5 Junie 2009 vir verhoor. Op 3 Junie word 'n voorverhoor gehou en neem die verweerder/respondent die standpunt in dat die wysiging nie behoorlik gedoen is nie en dus 'n nulliteit is. Die verweerder/respondent het reeds op 29 Maart 2007 sy standpunt aan die eiser/applikant gestel in 'n skrywe:" *Ons wens op rekord te plaas dat ons klient u klient se gepoogde wysiging gedateer 26 April 2005 as 'n nietigheid beskou"*

In van **Heerden v van Heerden 1977 (3) SA 455 (W)** bevind Coetzee R op p.457 G – H:

> *"By verdere nadenke dink ek dat hierdie die korrekte vertolking van Reël 28 is. Die kennisgewing is slegs een "van sy voorneme om te wysig" - in die taal van sub-reël (1). Dit is nie 'n substantiewe wysiging nie. Ook in sub-reël (2) word die "voorgestelde wysiging" vermeld. Dit skyn of dit die bedoeling is om, anders as in die geval van 'n bevel nadat 'n aansoek aan die Hof gerig is, die feit van wysiging van die lewering daarvan binne 'n gestelde tyd afhanklik te maak. Met ander woorde, slegs nadat geen beswaar ingedien is nie, ontstaan die reg om sonder meer te wysig soos in die kennisgewing in die vooruitsig gestel, en hierdie gedingvoerende party kan gedurende hierdie periode selfs besluit om glad nie sy voorneme uit te voer nie."*

In **Moolman v Estate Moolman 1927 CPD 27** bevind Watermeyer R op p 29:

> *"... the practical rule adopted seems to be that amendments will always be allowed unless the application to amend is mala fide, unless such amendment would cause an injustice to the other side which cannot be compensated by cost. In other words, unless the parties cannot be put back for the purpose of justice in the same position as they were when the pleadings which it is sought to amend were filed."*

Hierdie *dictum* is steeds vandag van toepassing.

Derhalwe het Mnr Els, namens die applikant/eiser, 'n substantiewe kondonasie aansoek gebring vir die laat liassering van die gewysigde bladsye.

Die hof het 'n wye diskresie om 'n wysiging toe te staan en is meer geneig om dit toe te staan as om dit af te wys.

In hierdie geval het die wysiging slegs betrekking op die voeging van die medetrustee as tweede eiser *nomine officii*. Die eisoorsaak bly dieselfde. In **Desai Chilwan NO v Ross and Another 2003 (2) SA 644 (C)** op 647 F bevind Ngwenya R:

> *"It is now trite law that a trust lacks legal personality. It can only act through its trustees nomine officii. It has no legal standing in litigation and can only sue or be sued through its trustees. It is a legal institution sui generis. The trustees are the owners of the trust property for*

*purposes of its administration but as trustees they have no beneficial interest therein"*

en op 653 B – C:

> *"Applicant had already established her locus standi in her founding affidavit. It is not in dispute that she is a trustee. Although respondents contend that applicant's locus standi was cured in her replying affidavit, which is wrong, the contention is clearly misguided. Respondents, in this matter, have confused locus standi with non-joinder. Locus standi in the legal sense has two connotations. In one sense it connotes a person's right to bring legal proceedings to court. Secondly, locus standi means a party bringing the proceedings in Court must have a direct and substantial interest in the matter."*

Die trust het dus in hierdie geval van meet af aan *locus standi* gehad en die voeging van die tweede eiser kan dit sekerlik nie verander nie.

Ek is van mening, dat as al die gesag in ag geneem word, die eiser wel 'n kondonasie aansoek moes bring om die gewysigde bladsye van die besonderhede van vordering te liasseer.

Daar is nie nadeel vir die verweerder nie, aangesien dit steeds die trust is wat die eiser is en *locus standi* het. Dit is in belang van geregtigheid dat hierdie wysiging toegestaan word. Dit ontneem die verweerder van geen regte ten

| | | |
|---|---|---|
| Vir die Applikant | : | APJ Els |
| Opdrag deur | : | Stopforth Swanepoel & Brewis |
| Vir die Respondente | | S Güldenpfennig |
| Opdrag deur | : | RNB Prokureurs |
| Datum van Uitspraak | · | 12 Desember 2008 |

opsigte van 'n verweer van verjaring nie en sal dit steeds in die hoofsaak geopper kan word.

Die koste moet deur die eiser betaal word, aangesien dit 'n vergunning is wat aan die eiser verleen word. Ek kan ook nie bevind dat dit onbillik van die verweerder was om die aansoek teen te staan nie

Derhalwe word die volgende bevel gemaak:

1. Die laat liassering van die applikant/eiser se gewysigde besonderhede van vordering, wat voor of op 2 Junie 2005 geliasseer moes wees, maar eers op 21 Julie, 2005 geliasseer is, gekondoneer word.
2. Die applikant/eiser word gelas om die koste van die aansoek te betaal.

C Pretorius

Regter van die Hooggeregshof

| | | |
|---|---|---|
| Saak nommer | : | 28578/2002 |
| Gehoor op | | 7 Junie 2009 |